SA MEDIA
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 1 0 1 4 | Datum 9 9 1 0 3 0 3 P 3 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 9 6 1 S

DIE BURGER Jr. 84 Nr. P. 3 Dat. 30 OCT 1999


TREFWOORDE
1 Swart Hein
2 Manuel T.
3 Dept Finansies
4 Uitgawes
5 Besparings
6 Tekorte
7 Begroting
8 Statistieke
9 Diagramme
10

# Hersiene BNP sorg vir kleiner tekort op Begroting

HEIN SWART

**KAAPSTAD. – Die Begroting sal in die lopende boekjaar 'n tekort van net 2,8% van die bruto nasionale produk toon teenoor die tekort van 3,5% wat in Februarie voorsien is. Dit is primêr te danke aan die hersiene vlak van die bruto nasionale produk vir die lopende jaar.**

Mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, verwag dat dié tekort verder sal daal en teen 2002/3 net 2,4% sal wees.

Die totale tekort vir vanjaar sal net R22,6 miljard wees teenoor die oorspronklike R25,1 miljard. Dit is te danke aan die staat se inkomste wat vanjaar R1,9 miljard meer sal wees as wat eers verwag is. Dit sal die Regering in staat stel om sy besteding van die verwagte R216,8 miljard tot R218,6 miljard op te stoot.

Omdat die staat minder geld geleen het en vanweë die laer rentekoerse, het hy baie op rentebetalings bespaar. Rentekoste alleen het met R2,2 miljard gedaal teenoor die oorspronklike begrote syfer. Dit sal nogtans van R42,6 miljard verlede jaar tot R44,7 miljard vanjaar styg en tot R53,0 miljard oor drie jaar. Laasgenoemde syfer sal wel net 5,1% van die BNP wees teenoor die huidige 5,7%.

Staatskuld is pas weer met R7,1 miljard verklein danksy die herstrukturering van Sasria en die daaropvolgende oorbetaling aan die staat van sy oortollige reserwes.

Die doeltreffender belastinginsameling deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het 'n belangrike rol gespeel in die groter as verwagte inkomste van die staat. Ná vanjaar se styging van R1,9 miljard, hoop die Regering dat sy inkomste aanstaande jaar tot R210,7 miljard sal styg en in die daaropvolgende jaar tot R243 miljard.

Dié besparing en groter as verwagte inkomste het dit vir die Regering moontlik gemaak om sy besteding aan herontwikkeling op te stoot. Die verwagting is dat die staat se uitgawes aanstaande jaar met sowat R3,5 miljard sal styg. As rentebetalings buite rekening gelaat word, sal besteding vanjaar uiteindelik met R4,0 miljard groei en aanstaande jaar met R7,5 miljard.


Wat vanjaar se ekstra uitgawes betref, is R450 miljoen bykomend bewillig vir armoedeverligting, nuwe infrastruktuur en werkskepping, wat die totale begroting vir dié projekte vir die volle jaar op R1 miljard te staan bring.

Provinsies en plaaslike owerhede het nog R1,69 miljard gekry om agterstallige skuld te delg en personeelbevorderings te befonds. Hulle kry ook bykomende hulp vir die aanpassing van hul rekenaarstelsels met die oog op probleme rondom die eeuwisseling. Voorts was daar onvoorsiene en onvermybare uitgawes van R1,74 miljard waarvoor begroot moes moes word. Dit sluit in bewilligings vir die Polisie, die Weermag, oordragte na die Spoorpendelkorporasie en 'n bykomende R250 miljoen vir salarisverhogings vir staatsamptenare bo en behalwe die R3 miljard waarvoor oorspronklik begroot is.

**SA MEDIA**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. | |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 | 99 03 03 03 | 8 | 90 15 | b |

DIE BURGER Jr. 84 Nr. P. 3 Dat. 30 OCT 1999




TREFWOORDE
1
2
3
4
5
6
7
8
9
10